02 Sep
Uitgawe 2009/09/02

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Daarom hou ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig. (**Kol.1:9**). Ons is altyd baie opgewonde as ons van 'n individu of groep mense hoor wat weggedraai het van jul ou weë om in die weë van Christus te wandel. Dieselfde gebeur wanneer ons hoor van 'n nuwe kerk wat geplant is in 'n gemeenskap wat vir jare onbereik was vir die evangelie. Daar is egter meer wat ons kan doen. Paulus en ander Gelowiges van die vroeë Kerk het hulself toegewy om vir ander Gelowiges te bid sonder om op te hou. Kom ons hou aan om vir mense te bid met oorgawe, terwyl ons altyd waaksaam is. (**Ef.6:18**). ***Vader vul ons asseblief met die kennis van U wil in alle wysheid en geestelike insig.***

Deurbraak : Merkwaardige hernuwing onder Australiese inboorlinge

Daar is tekens van merkwaardige hernuwing onder die inheemse Australiërs en daar is duidelike verwagtinge dat hierdie beweging van God 'n impak sal maak op baie Australiërs. Baie jong Australiese inboorlinge van Sentraal-Australië en Arnhem Land draai hul lewens na Christus, weg van dwelms en die snuif van petroldampe. Hulle loof die Here met nuwe liedere in hul moedertaal. Daar is 'n diepe berou wat nog nie in die laaste 25 jaar gesien is nie. Daar is baie gebede en simboliese dade vir die land se genesing en 'n beweging om deur diep kulturele kwessies te werk. Volgens 'n berig in die *Christian Today*, help die Skrifgedeeltes wat nou kort in die plaaslike tale vertaal is die inboorlinge om die Woord van God te ken en beter te verstaan. (E-pos: editor@prayer-alert.net, 28/08/09). ***Dank die Here dat Hy die gebede beantwoord van diegene wat al vir meer as 25 jaar hiervoor bid. Bid dat die openbaring deur God se Woord nooit sal ophou nie en dat dit elke hart sal aanraak. Bid dat die krag van God se liefde die mure van verwydering sal afbreek wat elke keer in die pad staan van genesing in verskeie gemeenskappe.***

Bid vir jou gemeenskap : Is jou naam opgeskryf?

Vir die laaste paar maande het ons baie berigte gehoor van natuurrampe, die ekonomiese druk, werkloosheid, ens. Ons onmiddellike reaksie is om almal rondom ons te help wat 'n behoefte het. Dit is presies wat Jesus van ons verlang as ons die Woord lees in **Lukas 10**. Jesus praat van die gesag in Sy naam oor die werke van die vyand, maar Hy sê, "wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is." (**Luk.10:20**). Het jy die afgelope tyd enigiemand aan Jesus bekendgestel? ***Vra die Here vir 'n geleentheid om iemand in jou gemeenskap of vriend aan Jesus bekend te stel. Bid dat elke bediening wat na die behoeftiges omsien, die evangelie in die volheid daarvan aan hulle sal bedien.***

Suid-Afrika : Dwelm klopjag

'n Besending kokaïen wat bestem was vir die Demokratiese Republiek van Kongo en Mosambiek is by die OR Tambo Internasionale Lughawe in Johannesburg in beslag geneem. Die dwelms, met 'n beraamde straatwaarde van R20 miljoen, is gesmokkel van Sao Paulo in Brasilië. (Webruimte: http://www.news24.com/Content/SouthAfrica/News/1059/6276263f89bc403fb9db47693539a7cb/01-09-2009-07-12/Another_drug_bust_at_OR_Tambo, 01/09/09). ***Dank God dat Hy die gebede van Sy mense hoor. Bid dat die werke van duisternis by elke lughawe en hawe in hierdie land onthul sal word. Bid dat niks onwettigs hierdie land se grense sal oorsteek nie. Verklaar dat die Here 'n muur van vuur rondom hierdie land sal wees.*** (**Sag.2:5**).

*Internasionaal : R*madan*

In Islam word Jesus as 'n boodskapper van God beskou, 'n profeet wat gestuur is om die Israeliete te lei. Sy boodskap is in die Injil (evangelie) opgeteken. Die Koran bevestig dat Jesus uit die maagd Maria (Maryam) gebore is volgens God se opdrag. Jesus het oor die vermoë beskik om op God se bevel wonders te doen. Vir die Moslems het Jesus inderwaarheid 'n vroeë vorm van Islam verkondig. Volgens hulle siening is Hy hoegenaamd niks meer as slegs 'n profeet nie. (Webruimte: http://www.jwipn.com/daily_prayer_guides/JM%209-2009%20Sept.pdf, 02/09/09). ***Vader van ons Here Jesus Christus, ons bring die Moslems regoor die wêreld voor U genadetroon. Verlig die oë van hulle harte dat hulle sal verstaan hoe hoog en diep en wyd U liefde as die ware lewende God vir hulle is. Gee Moslems wat tot bekering gekom het, vrymoedigheid om oor hierdie sake te praat en die evangelie oor die radio, televisie ensovoorts aan ander te bring.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com